
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

DIE INTEGRITEIT EN KRAG

Volgens die Verklarende Woordeboek beteken INTEGRITEIT die volgende: *onomkoopbaarheid, eerlikheid en opregtheid.* Dis presies wat God is, daar is by Hom geen sweempie van oneerlikheid of leuens nie, m.a.w. HY IS WAARHEID.

Deut. 32: 4. ...'n God van trou en sonder onreg, regverdig en reg is Hy.

Jesus Christus was die verpersoonliking van God (hulle is Een) en Hy het gesê: **Ek is die weg en die WAARHEID en die lewe... (Joh. 14. 6).**

Omdat God WAARHEID is, is Sy Woord WAARHEID.

U Woord is die WAARHEID (Joh. 17:17). Die Bybel is 'n rekord van God se gesproke Woord en ons kan ons lewe daarop waag. DIT IS DIE WAARHEID. Daar is geen leuens in nie en geen weerspreking nie.

God is geen man dat Hy sou lieg, of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of speek en dit nie waar maak nie? (Num.23:19)

Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie (Matt. 5:18).

...want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewend Woord van God wat tot in ewigheid bly (1 Pet.1:23).

Die Woord van God is die openbaring van die Karakter van God en ons moet dit lees asof ELKE WOORD vir ons persoonlik is: daar is geen valshede in nie, ons kan dit heelhartig vertrou.

2 Pet 1: 21 en 2 Tim. 3: 16 laat ons duidelik verstaan dat God die Heilige Gees Self die skrif "ingegee" (geïnspireer) het. Kyk na die volgende feite: Die Bybel is deur 40 verskillende mense (in verskillende lande) met verskillende kulture, wat mekaar meestal nie geken het nie) geskryf oor 'n periode van 1500 jaar, en daar is nie een weerspreking nie. Dit sou vir die mens onmoontlik wees om te doen, maar God kon dit doen!

God se Woord is al iets in die heelal wat NOOIT VERANDER NIE: die volgende geslagte sal nog dieselfde Bybel hê, en die geslagte daarna, totdat Jesus kom. Mense en dinge verander: God se onfeilbare Woord NOOIT!!

Daar was oor die eeue al geleerde manne wat probeer bewys het dat die Bybel sal misluk en vergaan, maar hulle het! 'n Geleerde ateïs , ene Robert Ingersall het gesê: "Binne 100 jaar sal die Bybel 'n uitgediende en vergete boek wees wat net in Museums aangetref sal word."

Een honderd jaar later was Voltaire, 'n beroemde, geleerde ateïs se huis die eiendom van die Geneva Bybelgenootskap en die 92 volumes wat Voltaire se lewenswerk was, is vir 2 dollars verkoop!

Wanneer ons aan God se Woord twyfel, twyfel ons aan Sy Karakter, SY INTEGRITEIT.

In Ps. 138: 2 staan (en ek haal graag aan uit die Engelse King James Bybelvertaling): **For thou hast magnified thy word above all thy name.**

Ek kon nie verstaan hoe God dan Sy Woord bo Sy Naam verhef het nie totdat Hy my die volgende insig hieroor gegee het: Wat gee vir die mens 'n goeie naam? Wanneer vertrou mense jou? Wanneer hulle jou woord kan vertrou! M.a.w. jy het 'n goeie naam wanneer jou woord betroubaar is, so jou woord is eintlik bo jou naam. Jou naam is

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die Integriteit en Krag….)

net so goed as wat jou woord is. So is dit ook met God: Sy Woord is betroubaar, foutloos, sonder valshede. Daarom kan Sy Woord vir die mens 'n VASTE ANKER wees, want dit verander nooit: dis WAARHEID.

Terloops, mense wat die flou argument gebruik dat die Bybel homself weerspreek, is gewoonlik mense wat of gebrek aan kennis het van die Bybel of mense wat Skrif uitverband en konteks neem. Dis ook gewoonlik mense wat nie hulle lewe in lyn wil bring met die Bybel se voorskrifte en opdragte nie. Dit is die Heilige Gees wat die Bybel se boodskap aan ons openbaar en Lewend maak, en ek is oortuig uit my eie ondervinding dat voordat ek wedergebore was, was die Bybel 'n dooie letter vir my gewees, maar nou is die Woord Lewendig!

As 'n mens 'n studie maak van profesieë in die Bybel en hoe hulle waar gekom het, soms, soos bereken, met een kans uit 75 miljoen, staan 'n mens oorweldig deur die Grootheid en INTEGRITEIT van God en van Sy WOORD. Wanneer ons die Bybel lees, lees ons beslis nie feeverhale nie, maar *deklarasies van God:* DIE WOORD VAN GOD. Dis die onfeilbare, onwankelbare, onveranderlike Woord – tog vind ons dit soms so moeilik om dit te glo, te vertrou en ons lewenswandel daarop te baseer. Daar is altyd 'n oplossing vir ons probleem – situasie as ons dit in God se Woord soek.

As God se Woord dus sê DAT JY GENEES IS DEUR JESUS SE WONDE **(Jes. 53: 4 en 5, 1, Pet 2: 24)** is dit die WAARHEID. GLO dit en tree daarvolgens op! As God se Woord sê dat DAAR NOU GEEN VEROORDELING IS VIR DIE WAT IN CHRISTUS JESUS IS NIE, VIR DIE WAT NIE NA DIE VLEES WANDEL NIE MAAR NA DIE GEES (**Rom. 8: 1)** is dit die WAARHEID. GLO dit en tree daarvolgens op! Sy Woord sal jou deurdra, want die God Wie se Woord dit is, is ONFEILBAAR en HY VERANDER NOOIT!

Wanneer ons besin oor die KRAG VAN GOD moet ons eerstens besef dat Hy ALMAGTIG IS: ONBEPERK IS SY KRAG!

En ek het iets gehoor soos die stem van n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! Want die Here God, die ALMAGTIGE, het die koningskap aanvaar (Openb. 19:6).

Let op, hier word die ALMAG van God die fokuspunt van die lofprysing wat opgaan tot Sy eer. Let ook op dat dit lofprysinge soos die *geluid van baie waters en die geluid van sterk donderslae* geklink het. In die hemel klink die lofprysing soos donderslae!

Een ding het God gespreek, twee is dit wat ek gehoor het: DAT DIE STERKTE AAN GOD BEHOORT (Ps.62:12).

God se krag kry Hy van geen ander bron nie: Sy krag is inherent, dis Sy eie, dis deel van Sy Karakter. Dis ONVERANDERLIK en ons kan daarop staatmaak **(Heb. 13: 8).** Dis baie belangrik dat ons God sal sien as ALMAGTIG, want dan kan ons ook verstaan dat niks vir Hom onmoontlik is nie.

Maar Jesus het hulle aangekyk en geantwoord: By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie, WANT BY GOD IS ALLE DINGE MOONTLIK (Mark. 10:27).

Hy kan alles doen wat Hy wil, wat binne Sy Wil is. Hy sal egter nooit Sy krag manifesteer as dit nie in lyn is met Sy heilige Wil nie. Daarom sal Hy nie Sy krag gebruik om jou uit 'n probleem situasie te help as jy maar net weer daarna gaan voortleef op 'n goddelose wyse en Hom nie dien nie. As Hy dit sou doen, sou jy dink dat Hy goedkeur wat jy doen. Wanneer jy jou wil in lyn bring met Sy Wil, kan Hy Sy krag gebruik om jou te help. Sy onbeperkte krag sal Hy in werking stel om jou te help as jy binne Sy Wil is, want Sy krag is onder beheer van Sy Wil.

Ek noem net die volgende paar bekende insidente in die Bybel om jou te herinner aan God se krag wat in werking gekom het binne Sy Wil. Die Skepping: die deurtog van die Israeliete deur die Rooi See, manna in die woestyn en water uit 'n rots; die ineenstorting van die mure van Jerigo, die drie vriende van Daniël in Nebukadneser se vuuroond, Abraham en Sara se voortbring van Isak en die opstanding van Jesus Christus.

Ons kan dus sekerlik 'n God wat ALLES kan doen vertrou om Sy Skepping te bewaar en te beskerm!

…wat in die krag van God bewaar word… (1 Pet. 1:5).

…en alle dinge dra deur die Woord van Sy krag… (Heb.1:3).

God se KRAG is 'n definitiewe werklikheid want die voorafgaande teks sê dat ALLE DINGE GEDRA WORD DEUR SY KRAG!

Nog 'n interessante aspek van God se krag is dat daardie krag nou in die Gelowige is. Kyk hierna:

…en op Hom sal die Gees van die Here rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en STERKTE (krag), die Gees van kennis en die vrees van die Here (Jes. 11:2). Hier word van Jesus Christus geprofeteer, en van die Heilige Gees gepraat, die Heilige Gees wat in die Gelowige woon omdat hy nou die Tempel van die Heilige Gees is **(1 Kor. 6: 19).** Die Groter Een (die Heilige Gees) woon in die Gelowige (**1 Joh. 4: 4).** Die Gees van KRAG!

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die Integriteit en Krag…)

Dit is dus nie vir ons nodig om huilend en smekend te bid: "O Here, stort tog U krag op ons uit" nie. Die Woord sê dan ons het God se krag: DIT IS REEDS IN ONS. Dieselfde Heilige Gees wat in Jesus Christus was is in JOU as jy 'n Wedergebore Gelowige is!

Ons behoort aan die Nuwe Verbond en nou woon God nie meer TUSSEN ons soos in die Ou Verbond nie, maar IN ons! Dis omdat die Gelowige hierdie Krag van God in hom het, dat hy soos Paulus kan uitroep: **Ek is tot alles in staat deur Christus wat my KRAG gee (Fil. 4. 13).**

As jy nou rondloop en klaend is met die woorde: "Ek kan nie dit doen nie en ek sal daardie nooit regkry nie. My werk kan ek nie behartig nie, en ek sal nooit die eksamen slaag nie," sê jy eintlik (as jy Sy Kind is) dat God 'n leuenaar is! DINK 'n BIETJIE HIEROOR NA – dis baie belangrik. Dieselfde krag wat Jesus uit die dood opgewek het is IN JOU **(Ef. 1: 19 en 20).** Die Bybel sê dit, en God kan nie lieg nie!

Dink jy nie dit het tyd geword dat jy hierdie waarheid in jou gees in neem en daarvolgens begin lewe nie? Hierdie KRAG VAN GOD IN JOU is ook nie eers vir die Hiernamaals nie, dis vir NOU.

…want soos Hy (Jesus) is, is ons ook in HIERDIE WêRELD (1Joh. 4:17).

Hou egter in gedagte dat God se Krag (ook in jou) altyd in lyn manifesteer met Sy Wil, m.a.w. jy kan nie nou bv. sommer jou koffietafel in 'n stuk goud verander nie! Kom in lyn met God se Wil vir jou, volgens Sy Woord, en jy kan met 'n oorwinnende gesindheid uitroep: **Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.** Begin om jouself te sien soos God van jou praat, en jou lewe gaan verander.

Dit is ook waar dat baie mense al hierdie Krag van God misbruik het vir eie gewin en gewildheid, en oneer oor die Naam van God gebring het. Dis egter tussen hulle en God. Laat ons egter nie dat Satan ons beroof van dit wat God se Krag in ons lewens kan vermag deur ons onkunde en traagheid nie.

Daarom hou ons ook nie op nie, van die dag af dat ons dit gehoor het, om vir julle te bid en te vra dat julle vervul mag word met die kennis van Sy Wil in alle wysheid en geestelike insig sodat julle waardiglik voor die Here mag wandel om Hom in alles te behaag en julle in elke goeie werk vrug mag dra en in die kennis van God mag groei, en MET ALLE KRAG BEKRAGTIG word volgens die mag van Sy (Jesus) heerlikheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydskap (Kol.1:9-11).

Nou is die belangrike vraag nog: *hoe kry ek hierdie Krag van God om in my lewe te werk?*

Die antwoord: GELOOF!

Ons het in **Mark 10: 27** gelees dat **by God alle dinge moontlik is,** maar 'n groot deel van die kerk glo nie eers in Goddelike genesing nie, en glo dus ook nie dat niks by Hom onmoontlik is nie.

In **Mark 9: 23**: lees ons die volgende: …**alle dinge is moontlik vir die een wat glo.** (Om te GLO is om OP TE TREE: AKSIE).

Dit gaan dus nie daarom of God KAN nie, maar of JY GLO: dan word God se Krag in jou lewe vrygestel. Geloof plaas jou op die vlak van God, want deur te GLO funksioneer jy soos Hy, en dinge gebeur!

Kyk maar weer 'n slaggie na **Heb. 11** – die groot "geloof" – hoofstuk in die Bybel. Keer op keer lees ons daar: **Deur die geloof**… (deur te GLO).

Hierdie geloofshelde se GELOOF het God se Krag in hulle lewens in werking gestel. GELOOF is GEHOORSAAMHEID: AKSIE. Wanneer jy God GLO deur TE DOEN wat Hy sê, is daar geen perke aan wat God se Krag in jou lewe kan vermag nie. (Let op: geloof is nie om te sê **Here! Here!** en ongehoorsaam te bly aan die Bybel se opdragte nie – dis huigelary en baie gevaarlik!)

Dis hierdie soort van GELOOF (gehoorsaamheid aan God deur optrede) wat 'n droë pad deur die Rooi see gemaak het, wat die mure van Jerigo laat tuimel het, wat die verouderde Sara laat swanger raak het.

Ten slotte, 'n tweede antwoord op die vraag: *hoe kry ek hierdie Krag van God om in my lewe te werk?* En nou wil ek spesifiek na die saak van samestemming kyk soos ons daarvan lees in **Matt. 18: 19 en 20. Weer sê Ek vir julle; As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek in hulle midde.**

Die term *saamstem* wat hier gebruik word is dieselfde as *harmoniseer, 'n simfonie maak, saam klink.*

Hierdie samestemming geld veral in die Liggaam van Christus (die Kerk), en dan ook in die huwelik. Ons sien nie meer wonderwerke in die kerk nie, want die samestemming ontbreek – 'n baie groot deel van die kerk glo nie eers in Goddelike genesing nie, en nou kom die **krag van ongeloof** in werking. Dink maar aan Jesus toe Hy in Nasaret was: Hy kon daar geen wonderwerke doen nie want die *krag van ongeloof* was in werking. So is die kerk vandag nie in samestemming met God nie en

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Die Integriteit en Krag….)

nie met mekaar nie.

Dink aan harmoniseer, 'n simfonie maak, saam speel en klanke maak – dit hou alles verband met 'n orkes: verskillende klanke wat soos een klank klink. Toe die musikante op hierdie wyse opgetree het by die opening van Salomo se tempel het die Heerlikheid van God neergedaal sodat selfs die priesters nie kon bly staan nie! (Terloops, dis hoe die musikante in ons kerkbyeenkomste ons behoort te lei tot by God se Genade troon met lofprysinge). As ons so harmoniseer in saamestemming oor sake in die Liggaam van Christus sal God se Krag manifesteer. Stel jou die Krag voor as bv. 500 gelowiges saamstem voor God.

Die huwelik is ook 'n verhouding waar God se Krag grootliks in werking sal kom as 'n man en vrou saamstem, sonder stryery en verdeeldheid – hierdeur word hulle gebede verhinder **(1 Pet. 3. 7).** Wanneer ek praat van samestemming, veral in die huwelik, bedoel ek nie 'n verstandelike ooreenstem nie, maar 'n samestemming van hart, van gees. Dit help nie vir 'n vrou om met haar mond saam met haar man te stem en in die stilligheid op haar tande te kners nie – 'n eenheid van harte is nodig DAN DOEN GOD SE KRAG GROOT DINGE IN SO 'N EGPAAR SE HUWELIK, HUISHOUDING en GESIN. Die Bybel sê een laat 1000 vlug, maar twee 10, 000! Werk hieraan – dis beslis die moeite werd. Vriende, ek vertrou dat julle opnuut, by die lees hiervan, aangemoedig is om God te vertrou vir die magtige werkinge van Sy Krag in jou lewe. Dis jou erfenis! ●

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

DIE HERE IS BY MAGTE EN UITERS GEWILLIG

Matt. 8:3: Daarop steek Jesus die hand uit en raak hom aan en sê: Ek wil; word gereinig! En dadelik is hy van sy melaatsheid gereinig.

Wanneer jy sien dat iemand ‘n wonderwerkende genesing ontvang het of ‘n finansiële deurbraak, vra jy miskien: “Wat van my Here?” Ek glo die melaatse wat na Jesus gekom het, het dieselfde vraag gevra.

Hy moes op ‘n afstand gehoor en gesien het, aangesien hy deur die wet nie in publieke plekke toegelaat is nie, hoe Jesus die siekes genees het. Hy het dus geen twyfel gehad dat Jesus hom kon genees nie, maar hy was nie seker of Jesus sou nie. Hy het vir Jesus gesê: **“Here, as U wil, kan U my reinig. ” (Matt. 8:2).** Hy was seker van God se mag, maar nie van die liefde van God vir hom nie.

Net soos die melaatse, het jy dalk ook nie ‘n probleem om te glo dat God vir jou ‘n wonderwerk kan gee nie, aangesien Hy die Almagtige God is. Jy wonder egter of Hy dit vir jou wil doen. My vriend, laat Jesus se aksie en antwoord aan die melaatse hierdie vraag vir eens en altyd afhandel. Hy het Sy hand uitgesteek, die melaatse aangeraak en gesê: “ Ek wil; word gereinig!” En dadelik was die melaatse genees.

Ek wil hê dat jy daarop moet let dat Jesus die melaatse aangeraak het. Hy kon hom op ‘n afstand met net ‘n woord genees het. Hy het ander op hierdie manier genees, soos die geval met die hoofman se bediende en die Kananese vrou se dogter. Dus, waarom het Hy die melaatse aangeraak?

Jesus het geweet dat hierdie melaatse vir baie jare van sy familie en gemeenskap afgesny was, dus moes hy onmenslik gevoel het. Ek glo Jesus het hom aangeraak om hom weer menslik te laat voel, hom geliefd en weer aanvaarbaar gemaak. Sy aanraking was Sy liefdestaal aan die melaatse.

Kan jy God se hart van liefde hier sien? Kan jy sien dat Hy die melaatse baie lief gehad het? Dit is hoe lief Hy jou het! Die dag wanneer jy God se hart van liefde ken en glo dat Hy jou wil seën meer as wat jy geseën wil word, is die dag dat jy jou wonderwerk ontvang!

Geliefde, kry ‘n blik van God se hart van liefde en jy sal glo dat Hy nie net by magte is nie, maar ook gewillig is om jou heel te maak! ●

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bank-rekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook 'n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is:
Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank,
53730091667,
Kode: 220129

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.



UIT ONS KANTOOR

Ons bid dat elkeen van julle 'n baie gelukkige nuwe jaar sal hê en dat die Here aan julle hierdie jaar die begeertes van jul hart, goeie gesondheid, vrede en blydskap sal gee. Baie dankie vir jul liefde en ondersteuning regdeur die jaar. Vir jul gebede, finansies en aanmoediging. Ons waardeer dit geweldig en verseker jul van ons liefde en gebede vir die jaar 2017.

Heb. 11:6: En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

Meeste mense kwoteer slegs die eerste gedeelte van **Heb. 11:6: "sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag."** Tog gaan dit verder en sê: "**want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek."** Met ander woorde, die geloof wat God behaag is die soort geloof wat glo dat God bestaan en dat Hy 'n beloner is.

Die Bybel sê ook dat "**Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie" (Heb. 11:1).** Daarom, selfs in moeilike tye, wanneer ons geen goeie dinge in ons omstandighede sien gebeur nie, moet ons glo dat God dinge sal omdraai en ons beloon.

God het dinge vir Rut, die Moabitiese weduwee omgedraai, toe sy die Here geglo het en Hom haar God gemaak het **(Rut 1:16).** Die Bybel vertel ons dat sy 'n "volkome loon" by die Here ontvang het toe sy onder Sy vlerke gaan skuil het **(Rut 2:12).** Hy het nie net beskerming aan haar gegee nie, Hy het ook in oorvloed vir haar voorsien, uitermate guns en 'n salige verlossing **(Rut 2:9–17, 3:11, 4:10–13).**

Toe Ragab, die hoer van Jerigo, verslae gehoor het van hoe die Here die Rooi See vir die kinders van Israel geopen het, het sy geglo **"Hy is God in die hemel daarbo en op die aarde hieronder" (Jos. 2:9–11).** Alhoewel Ragab nie persoonlik die wonderwerke aanskou het nie, het sy God geglo en die Joodse verspieders van hul agtervolgers weggesteek **(Jos. 2:4–6).** As gevolg van haar geloof, het sy nie net nie saam met die wat nie geglo het, omgekom nie **(Jos.6:25; Heb. 11:31),** maar is sy ook tussen die "geloofshelde" in Heb. 11.

God was so gelukkig met die geloof van hierdie twee Heiden vroue dat Hy hulle nie net gedurende hul leeftye geseën het nie, maar hulle ook in die geslagsregister van Sy Seun Jesus Christus, die groot Verlosser en Beloner, geplaas het.

Geliefde, wanneer jy na die Here met jou behoefte kom, glo dat Hy God is, en dat Hy 'n beloner is. Hierdie soort geloof behaag God. Hy wil die beloner van jou geloof in Hom wees!

Meg en die Gebedspan

HEALING THE BRUISES

John 10:10: The thief cometh not, but for to steal, and to kill, and to destroy: I am come that they might have life, and that they might have it more abundantly.

Satan is the thief and the destroyer, and his aim is to crush everyone born into this world and keep them bound and captured in any possible way. But in **Luke 4:18** we read that Jesus' mission was to heal the broken hearted and to set the captives free. Jesus came to this world as God manifest in the flesh to destroy the works of the enemy and He is the same yesterday, today and forever **(Heb. 13:8)** Innocent children are often the enemy's prey and they carry these wounds of bruising for the rest of their lives and cannot be free to be the people that God intended them to be. Fear, insecurity, bitterness and rejection are evidence of Satan's work, and these oppressions of the enemy remain until they are exposed and dealt with in the Name of Jesus.

It has become evident in these days that it is often the children of God, members of the Body of Christ, who are suffering as a result of these wounds and bruises of Satan. Bruises result in division between members of a family and between members of the Body of Christ, the Church. Fear and mistrust always bring division and the enemy reigns where there is dissension.

Satan's aim and goal is to bruise and this was foretold in **Gen. 3:15**. God spoke to the serpent (Satan) saying: **And I will put enmity between thee and the woman, and between thy seed and her seed; it shall bruise thy head, and thou shalt bruise his heel.** Jesus Himself was bruised. **Isaiah 53:5: But He was wounded for our transgressions, he was <u>bruised</u> for our iniquities: the chastisement of our peace was upon him; and with his stripes we are healed.**

Isaiah 53:10: Yet it pleased the Lord to <u>bruise</u> him; he hath put him to grief: when thou shalt make his soul an offering for sin, he shall see his seed, he shall prolong his days, and the pleasure of the Lord shall prosper in his hand. A close friend betrayed Him and He was mocked **(Is. 53)**, accused, blamed **(Matt. 12:24)**, hated and deserted.

Innocent children are Satan's choice targets, sometimes even before birth. Fear can attack your children and rejection may get a foothold in a young mind so that when the child becomes an adult he finds it difficult to demonstrate love or receive it. A child who has been abused and ill treated will grow up full of fear and inferiority or rebellion, and children of the Lord are also Satan's chosen targets. New Spirit-filled believers are targets for his attacks of suspicion and rejection and their service for the Lord becomes hampered by lies and division. Satan uses misunderstanding, false accusations, rejection and fear to break and cripple.

Heb. 12:1: .... let us lay aside every weight, ... which doth so easily beset us..... Bruises bind us to the one who has inflicted the hurt upon us. They enslave us by causing us to receive bitterness and unkindness and respond with bitterness and unkindness, and thus Satan's plan holds us in its clutches. Praise the Lord that Jesus came to heal those who are bruised and to set them free. He makes free those whose minds and spirits have been bound and He heals each individual's physical body as well as His Body here on earth (The Church).

Many children of the Lord are like an apple which has fallen and become bruised – there is no visible sign of external damage for a few days, but slowly the dark patch of the bruise becomes visible which eventually produces the rottenness. This is exactly how bitterness works in one's life.

Heb. 12:15: Looking diligently lest any man fail of the grace of God; lest any root of bitterness springing up trouble you, and thereby many be defiled.

Bitterness works like a poison in one's soul and sprouts forth from sore places which have been caused by personal relationships. The most common occurrence of bitterness is found in the relationship between child/parent and husband/wife. We know that it is true that the deepest hurts come from those closest to us.

Bitterness pollutes your whole being! **It shows in your speech, your attitude, your behaviour and attacks your physical health. Your bitterness also pollutes others. Bitterness builds walls of isolation due to the fear of being hurt again. It builds walls of mistrust and fear that your bruises will be exposed, which in turn create walls of loneliness. It cuts people off from society and they become very critical of others.**

Broken relationships usually cause blind spots which prevent us from behaving rationally. We become deceived about ourselves and others and fail to see things as they really are. Lack of feeling and compassion spring forth and our lives become self centred.

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 - Healing the bruises)
Little regard for the needs of others is shown and an inability to reach out to others is the result.

Immaturity is also one of the results of bad relationships because although a person grows physically, his emotional development ends at that place at which he received the bruise. Emotional development resumes when he receives understanding of his problem, then only can release and healing take place in the Name of Jesus. Unforgiveness is the root of bitterness, and blame becomes hate. Lack of acknowledging this problem in your life will eventually cause immense destruction. Bitterness is actually the seed bed of every evil work. It will cripple any child of God. The antidote is to have a constant and continual spirit of forgiveness. When Satan wants to bruise and hurt and bring unforgiveness, do not receive any of this, but release yourself immediately by forgiving instantly! **Matt 18:27: Then the Lord of that servant was moved by compassion, and loosed him, and forgave him the debt.** Unforgiveness allows Satan a legal right in your life which he grasps and enters with oppression and torment. Satan has no respect for a Christian who walks around with unforgiveness. Bitterness always follows unforgiveness and once again its destructive and terrible fruit is produced, polluting lives.

If you carry hurts, bitterness and unforgiveness around with you, you are bound to the past and thus are unable to live in the present. This bitterness flows through to your present relationships and the hurts bind you to people in your past. Time will not heal or change unforgiveness. We have to choose by an act of our will to forgive and unless we do, torture and pain are the consequences. Read **Matt. 18:21-35**. Our forgiveness towards others releases God's forgiveness towards us.

Matt. 6:14 & 15: For if ye forgive men their trespasses, your heavenly Father will also forgive you: But if ye forgive not men their trespasses, neither will your Father forgive your trespasses.

Also read **Mark 11:23-26** and **Eph. 4:32**. Forgiveness releases God's healing in you. Forgiveness always remains a choice. You choose to forgive! Do not go according to feelings – these will come later. As soon as you forgive someone, God is able to heal your hurts.

1. Make a list of bad relationships, past and present .

2. Examine them and find the reason for the weak points in those relationships.

3. Forgive the person or persons involved in each one of these relationships.

4. You may need to make restitution by asking forgiveness of the person if the Holy Spirit so leads. **Phil. 4:7: And the peace of God, which passeth all understanding, shall keep your hearts and minds through Christ Jesus.**

Man is created in the image of God. His basic needs are love and communication. When confronted with rejection the person is denied love, security, acceptance, identity and acknowledgement. He will then find it difficult to give or receive love. The result is the crippling and breaking down of the person as a whole. Jesus understands rejection, because He was rejected.

Isaiah 53:1-3: Who hath believed our report? And to whom is the arm of the Lord revealed? For he shall grow up before him as a tender plant, and as a root out of dry ground: he hath no form nor comeliness; and when we shall see him, there is no beauty that we should desire him. He is despised and rejected of men, a man of sorrows, and acquainted with grief: and we hid as it were our faces from him; he was despised, and we esteemed him not.

Deep rejection is often found in parent/child relationships. Sometimes this occurs before birth or with adopted children. Some children suffer rejection because their parents were unable to demonstrate their love, but those parents may have suffered rejection for similar reasons. Rejection in children usually follows when parents are alcoholics, materialistic, workaholics, socialites, overly critical and demanding perfection. Sometimes busy parents compensate for the lack of time they spend with their children by giving them gifts and money.

The result is often:-

1. A child who has not had the very necessary love of a father, finding it difficult to have a permanent and stable relationship with Father God.

2. A child who grows up with rejection expects and accepts rejection rather than love from God.

3. The parent figure is the model upon which the child builds it's relationship with God.

Rejection is also experienced if a person feels he has failed to live up to certain conditions required to be "acceptable" in society. When it comes to the person's relationship with God, we find that he is often susceptible to rejection, because of sins in his life, and the feeling of guilt which then brings self rejection. The results of rejection are endless and people who experience problems with mistrusting others generally have deep roots of rejection. Emotional immaturity comes from rejection, and this in turn causes further differences and bad relationships, especially in marriages. Then

(Continued on page 8)

(Continued from page 7 - Healing the bruises)
there is the loneliness and fear, the dreadful misery of self rejection where a negative self image is maintained by self criticism and criticism of others. Self identity is often lost, but because man is created in God's image, he can only find his true identity in his Heavenly Father through Jesus Christ. An unstable relationship with God often comes from rejection, and our love for God is replaced with "being busy" for God instead of having faith and trust in Him and accepting His unconditional love.

Begin by forgiving those who have rejected you and handing over all your rejection to Jesus Christ. He has already paid the price – He was mocked and forsaken by man and God **(Is. 53:3).** He understands. Then read God's promises in **Isaiah 54:4-6** and **Jer. 30:17.** It is necessary for you to understand your true identity in Jesus. **2 Cor. 5:17** says: **Therefore if any man be in Christ, he is a new creature; old things are passed away; behold, all things are become new.** Accept yourself, forgive yourself for your past and receive the infinite love of your Heavenly Father. Remember that with God there is no rejection ever!

As a child of God you are part of the Bride of Christ which is being prepared for the Bridegroom, Jesus Christ, by the Holy Spirit to be without spot or blemish, according to **Eph.5:27**. The key to total healing of emotional hurts is found in **Phil. 3:13-14**: **…… but this one thing I do, forgetting those things which are behind, and reaching forth unto those things which are before, I press toward the mark for the prize of the high calling of God in Christ Jesus.**

Forgiveness sets you free from the past and the pain which bound you to it. It gives you peace and you experience the presence and love of the Lord. Choose today to forgive and be set free from the bruises of Satan in Jesus Name. ●

Ons God van wonderwerke..

Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid..

Goeie dag,

Wil uit my hart alle eer aan God gee en vir julle dankie se vir Joshua, hy het n kontrak gekry vir volgende jaar.

Ons God is groot en almagtig !!!!

Mag God julle almal daar seën en ek spreek net "blessings" uit oor julle. Liefde, **Nadine Stander**

Baie dankie. Pyn en ongerief is weg. Ek loof Sy naam daarvoor en sê dankie vir julle gebede.

Lief vir julle!! **Leta Barry**

Dear Meg and Prayer Team

Thank you so much for your prayers. All the Glory to our Heavenly Father, doctors can't understand what happened, the inflammation disappeared, they took again a CT Scan to make sure it was gone and we know that is our God that healed my father, Amen!!!

Thank you so much for your prayers, we really appreciate it.

God bless you all! **Van Wyk Family**

Baie dankie vir julle voorbidding. Wil net getuig dat sy vanoggend geen probleem meer het nie en hartklop weer normaal is.

Groot lof en eer aan GOD vir sy genade aan ons swak mensies hier op aarde. Alles wat goed en eerbaar is wens ons aan julle toe.

Groete, **Pieter Diedericks**

Liewe Meg en die gebed span. Eerstens baie dankie vir gebed saam met ons. Jesus het dit verhoor en Aletta, my dogter is genees van haar spataar probleem terwyl sy nou swanger is. Dis so 'n verligting en kan nou haar swangerskap ten volle geniet.

Baie dankie. Here seën julle. **Groete Leta Barry**

'n Tyd gelede het ek voorbidding gevra vir my seun wat in alkohol verslawing vasgevang was. Dit is alreeds 1 jaar dat hy glad nie drank ingeneem het nie. Hy was nie na 'n inrigting om hulp te kry nie. Self besluit om te staak. Niemand kon self glo nie. Joh. 8:36: As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees. Duisendmaal dankie aan ons Hemelse Vader. Aan Sy liefde is daar geen einde nie. Sy goedertierenheid duur tot in ewigheid.

Mnr B Bezuidenhout, Pretoria

My hart is so verheug om hierdie briefie te skryf. Julle sal in my blydskap deel, want die Here het groot dinge vir my gedoen. Ek het julle gebel en gevra dat julle vir my moet bid.

Ek het 'n probleem gehad met my maag. Prys my dierbare Jesus, deur Sy wonde het daar vir my genesing gekom. Ek hoef nie meer iets te drink vir my maag, my probleem is iets van die verlede. Prys SY grote Naam!! Baie liefde groete.

Mev Tertia Vos, Springbok

Ek wil u net verwittig omtrent my blaas. Die Here het al die gebede verhoor. Dit was nie nodig vir 'n operasie nie. Die Here het alle gebede verhoor! Alle eer aan die Here! Baie dankie vir julle gebede. Ons dien 'n wonderlike Vader!!

Mnr G Diedericks, Bethlehem

Thank you very much for your letter and for the prayers for my daughter Belinda, to get a job. Well the great news is that after 1 year, she was interviewed for a job and he could start immediately. I am so greatful to the Lord, because after asking you to pray, she got a wonderful job. Praise the Lord!! Thank you once again for your support.

Mrs T Delport, Pretoria